**BOARD NOTICE 116 OF 2017**

## DEFINING OF PRODUCTION AREA: BLOUVLEI

The Wine and Spirit Board, acting under section 6 of the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 29 June 1990 hereby –

defines the area specified in the Schedule as a production area (ward) under the name Blouvlei.

**OLIVIA POONAH**
**SECRETARY: WINE AND SPIRIT BOARD**

## SCHEDULE

## DEFINING OF PRODUCTION AREA: BLOUVLEI

That area situated within the following boundaries:

Start at a point on the Paarl/Wellington main road (301), in the vicinity of the built-up area Newton; thence generally north with said main road (301) to where it joins Kerk Street; thence generally east with said Kerk Street to the north-western beacon of Erf 3895, thence generally south with the south-western boundaries of said Erf 3895, Erf 3856, Erf 5032 and Erf 1293 to the southern beacon thereof; thence further south with Cummings Street to the north-eastern beacon of Erf 1611; thence generally south with the north-eastern and south-eastern boundaries of said Erf 1611, the south-eastern boundary of Erf 1607, the north-eastern boundaries of Erf 4756 and Erf 6375, the north-western and north-eastern boundaries of Portion 2/295, the north-eastern boundaries of Portion 3/295, Portion 4/295 and Portion 5/295 to the eastern beacon thereof; thence south-east with an imaginary straight line to where it joins the watershed; thence first east, then south and then west with the watershed to the south-eastern beacon of Farm 365; thence generally west with the southern boundaries of said Farm 365 and Farm 366 to the south-western beacon thereof; thence south-west with an imaginary straight line, which is and extension of the southern boundary of Farm 366 to where it joins the farm road; thence generally north with said farm road and imaginary straight lines to a point on the Paarl/Wellington main road (301), in the vicinity of the built-up area Newton, the beginning mentioned above.

## RAADSKENNISGEWING 116 VAN 2017

## OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: BLOUVLEI

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (wyk) onder die naam Blouvlei.

**OLIVIA POONAH**
**SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD**

## BYLAE

## OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: BLOUVLEI

Daardie gedeelte grond geleë binne die volgende grense:

Begin by 'n punt op die Paarl/Wellington hoofpad (301), in die omgewing van die beboude area Newton; daarvandaan algemeen noord met genoemde hoofpad (301) tot waar dit aansluit by Kerkstraat; daarvandaan algemeen oos met genoemde Kerkstraat tot by die noordwestelike baken van Erf 3895; daarvandaan algemeen suid met die suidwestelike grense van genoemde Erf 3895, Erf 3856, Erf 5032 en Erf 1293 tot by die suidelike baken daarvan; daarvandaan verder suid met Cummingsstraat tot by die noordoostelike baken van Erf 1611; daarvandaan algemeen suid met die noordoostelike en suidoostelike grense van genoemde Erf 1611, die suidoostelike grens van Erf 1607, die noordoostelike grense van Erf 4756 en Erf 6375, die noordwestelike en noordoostelike grense van Gedeelte 2/295, die noordoostelike grense van Gedeelte 3/295, Gedeelte 4/295 en Gedeelte 5/295 tot by die oostelike baken daarvan; daarvandaan suidoos met 'n denkbeeldige reguitlyn tot waar dit aansluit by die waterskeiding; daarvandaan eers oos, dan suid en daarna wes met die waterskeiding tot by die suidoostelike baken van Plaas 365; daarvandaan algemeen wes met die suidelike grense van genoemde Plaas 365 en Plaas 366 tot by die suidwestelike baken daarvan; daarvandaan suidwes met 'n denkbeeldige reguitlyn, wat 'n verlenging is van die suidelike grens van Plaas 366 tot waar dit by die plaaspad aansluit; daarvandaan algemeen noord met genoemde plaaspad en denkbeeldige reguitlyne tot by 'n punt op die Paarl/Wellington hoofpad (301), in die omgewing van die beboude area Newton, die beginpunt hierbo genoem.